

**Vrydag 29 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 62:1-12**

**Fokusgedeelte: Jesaja 62:11, 12**

**Christus kom weer: Leef heilig toegewyd aan Hom sodat u leefstyl ander tot geloof roep**

Aan die einde van 2017 wag ons op die koms van 2018. Gaan dit dié jaar wees waarin Christus weer kom? Moontlik, moontlik nie. Die sekere wete van sy wederkoms spoor ons aan om in 2018 heilig toegewyd aan Hom te leef sodat almal deel wil wees van sy kerk.

Die boodskap van die Here weerklink oor al die eeue dat Hy wat red, kom. Hy het Israel gered uit Egipte, Hy het Israel teruggebring uit ballingskap en Hy het sy kerk gered uit die sonde en telkemale weer opgerig nadat hulle afgedwaal het. Hy vervul al sy beloftes en u gebed moet Hom steeds daaraan herinner (vs 6). Hy kondig aan dat Hy wat verlos, kom en almal wat aan Hom behoort, loop voor Hom uit. Sy volk wat Hy syne gemaak het deur die soen-offer van Christus, leef in gemeenskap met Hom onder leiding van die Heilige Gees. Die pad moet reggemaak word. Dit is woorde wat Johannes die Doper gebruik voor die eerste koms van Christus.

Dieselfde woorde moet weereens weerklink, want Hy kom weer. Leef saam met Hom heilig sodat almal sal sien dat God u verlos het. Leef toegewyd aan Hom, sodat sy kerk gewyde volk genoem kan word. Leef as verlostes sodat u leefstyl ander roep tot geloof. Dan sal Jerusalem nie meer verlate wees nie, maar 'n gewilde stad. Die kerk sal nie meer leeg loop nie, maar almal sal die gemeenskap met God opsoek. Die kerk sal gewyd wees, omdat God daar woon. Die hoop van die wederkoms sal oor die aarde verkondig word.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 3, 10*

*Prof. SJ (Sarel) van der Merwe (Emeritus)*